



eduresourceza.com

NASIENRIGLYNE: VRAESTEL 2 – 07 SEPTEMBER 2023**AFDELING A: LETTERKUNDE - DONKER WEB deur Fanie Viljoen****VRAAG 1: GREG EN XANDER**

- 1.1.1 Xander het Greg misbruik om Project Nursery Rhyme, waarby sy eie pa betrokke was, onwetend bloot te lê. (1)
- 1.1.2 Die Baker loop nog vry rond en hy moet ook gestraf word. Greg doen dit om sy familie se naam in ere te probeer herstel. Hy doen dit vir sy ma en pa. (2)
- 1.1.3 Tom, Lawson Kollege se terreinbestuurder en Zander se “*hucker buddy*”. Xander weier om Greg te help. (2)
- 1.2.1 In Plank se hand. (1)
- 1.2.2 Hy bedrieg mense, nes sy pa gedoen het. / Mens kan hom net so min vertrou as sy pa. (Of soortgelyke, korrekte opinie) (1)
- 1.2.3 Hy het genoeg van sy eie geld met *Bitcoin* gemaak. (1)
- 1.2.4 Ayla. (1)
- 1.3.1 Hy was nie openlik en eerlik met Xander nadat hy belowe het hul werk nie nou saam nie. (1)
- 1.3.2 Greg loop alleen om na die Baker se huis te gaan kyk. ✓ Die Baker en ‘n vrou sien hom raak en vlug uit Florence. ✓ (2)
- 1.3.3 a. Ayla se pa is ‘n dokter en kan moontlik die Baker wees; dus misbruik hy dalk Ayla, nes hy met Greg gedoen het. (1)
- b. Hy vra of dit terugbetaling is omdat Greg dink Xander, Nicole, sy vorige meisie, afgevry het. (1)
- 1.3.4 Hy sê hy is werklik jammer dat Greg moes swaarkry, Greg is nie sy pa nie. (1)

[15]

VRAAG 2: WANNEER IEMAND TEEN JOU KIES

- 2.1.1 Hy was verveeld terwyl Greg en Xander heeltid op hul rekenaars besig was om die Baker te soek. Hy het na Lisa verlang en wou haar bel, maar Xander het sy selfoon vernietig. (Enige EEN) (1)
- 2.1.2 Die Baker spoor hul op weens Plank se oproepe en Candon. / Hul hamer aan Xander se blyplek se deur, breek dit oop en storm binne. / Xander-hulle ontsnap deur van die balkon af te spring. / Hul vlug deur met 'n Uber weg te jaag. (Enige twee feite) (2)
- 2.2.1 Hy sê Plank is te veel van 'n gevaar en doen dom dinge. Hy kom nie saam met hulle nie. (1)
- 2.2.2 ~~Xander.~~ **Plank** (1)
- 2.2.3 Net Xander kan help om die Baker te vind. / Greg se behoefte om wraak met die hulp van Xander te neem, is sterker as sy vriendskap met Plank. (1)
- 2.3.1 Dit moes eerder Greg gewees het wat dood is, nie John nie. (1)
- 2.3.2 Hy verraaai / kies teen sy beste vriend soos wat sy pa wat John bo Greg gekies het. (1)
- 2.4
- Dis Greg se skuld dat hy in die tronk sit. Greg het hul familie verwoes. (Enige een) (1)
 - Enersyds voel hy skuldig omdat hy sy pa se skelmstreke blootgelê en hom in die gevangenis laat beland het. Aan die ander kant voel hy sy pa vir sy eie misdade boet. (2)
 - Hy erken dat hy nie 'n goeie pa vir Greg was nie. Hy erken dat elkeen moet vir sy eie dade boet. (2)
 - Hy het besef dat hy maar nes sy pa, ook mense opgeoffer het in sy eie soeke na wraak. Plank se marteling en dood en die aanval op sy pa was die gevolg van sy soeke na die Baker. (Enige soortgelyke antwoord) (1)
 - Hy sal vir hom kom kuier. / 'n Pa bly jou pa. (Enige een) (1)

[15]**VRAAG 3: DIALOOG**

- 3.1 Greg Met kuberkraking ✓ op die donker web. ✓ / Ons kon met kodes en soektogte ✓ op die donker web ✓ hom opspoor. / Ons het hom eers met 'n video uitgelok ✓ en so 'n met 'n Trojan-virus ✓ op sy IP- adres toegang tot die Baker se rekenaar gekry. ✓ / Ons kon sy woonadres ✓ met 'n Trojan-virus opgespoor. ✓ / Ons kon met 'n Webcam ✓ wat Xander op sy rekenaar geplant het, geboue in Venesië waar hy

- woon herken ✓ / met Meterpeter wat Xander op sy webcam kon gelaai het. ✓ / Ons het met gesigsherkenningware ✓ gewerk om hom te volg. ✓
(Enige twee feite) (2)
- 3.2 Greg Dr. Sebastian Stadler. (1)
- 3.3 Greg Hy het kennis van gifstowwe op die plaas by sy pa opgedoen. / Hy het chemies en medies studeer. / Hy was eers by Project Coast betrokke waar mense gemartel en vermoor is. / Hy het kennis van chemiese en biologiese oorlogvoering en terrorisme gehad. / Hy was by gifmoorde betrokke. / Hy het waarskynlik Mandrax vervaardig en dit aan bendes in die tronk voorsien om so oral kontakte te bou. (Enige twee) (2)
- 3.4 Greg Ons ken haar net as Valkyrie. ✓ Sy het baie moorde en wreedhede beplan. Dit was Valkyrie se idee om 'n hemorargiese virus in griepinspuitings vir Project Nursery Rhyme te versteek. ✓ (2)
- 3.5 Greg Die Baker se navorsing in menslike breinbeheer was die grootste bedreiging vir die mensdom. Met CRISPR – tegnologie wou hy dit op babas toepas en so die gemanupileerde breine van geslag tot geslag oorgedra. (1)
- 3.6 Greg Dr. Rian was eintlik sy neef wat van kleins af by hulle grootgeword het. ✓ Hy was ook by Project Nursery Rhyme betrokke, maar wou polisie toe gaan nadat hy uitgevind het wat aangaan. ✓ Die Baker het kinderpornografie op sy rekenaar geplant. ✓ Die Baker het hom in die tronk laat vermoor. ✓ Die Baker het dit soos selfmoord laat lyk. ✓
(Enige twee feite) (2)
- 3.7 Greg Xander het al die Baker se rekenaars met 'n sleutelwoord gesluit. / Hy het met 'n Trojanvirus en Ransomware chaos in al die Baker programme in sy laboratorium geskep. / Hy het ook die Baker se kodewoord, "Uitschotkraal", gekraak en so toegang tot alle e-posse en kontakte van die Baker verkry en na die polisie gestuur. / Hy het sy rekenaarlaboratorium infiltreer en al sy rekenaars gesluit. / Hy sal dit ook na Doxware laat gaan wat alles sal verwoes. (Enige een) (1)
- 3.8 Greg Xander wou persoonlik aan die Baker oordra dat hy hom gestuit, al sy werk verwoes en dit aan die polisie stuur het. / Xander wou geregtigheid laat geskied / persoonlik wraak vir sy pa se dood neem. **EN**
Voorheen kon die polisie hom ook nie vang nie. / Die Baker is te slim, Xander weet genoeg om hom te stuit. (2)

- 3.9 Greg Valkyrie het met 'n snelboot agter ons aangejaag en op ons boot op die kanaal geskiet. Plank is noodlottig getref. (1)
- 3.10 Greg Die transponder in sy hand het al my inligting bevat, nie Plank s'n nie. (1)

[15]

VRAAG 4: LITERÊRE OPSTEL**Inleiding...****Paragraaf 1:**

Die Baker loop nog los, terwyl die ander twee aan die hoof van Project Nursery Rhyme, in die gevangenis is. / Die Baker moet ook vir sy aandeel in die misdaad betaal. / Hy wil wraak neem om sy familie se naam in eer te herstel. Hy wil wraak vir sy ma neem. (Enige twee soortgelyke redes)	(2)
Xander is die enigste persoon wat meer van die Baker weet as enigiemand anders. OF Hy het kennis van kuberkraak en die donker web. (Enige soortgelyke rede)	(1)
Dit beteken dat die persoon wat wil wraak neem, fisies of emosioneel in die proses baie swaar/seer kan kry.	(1)
'n Mens kan net so laag daal of gemeen wees as jy metodes gebruik om wraak te neem as die persoon wat jou leed aangedoen het.	(1)

Paragraaf 2:

Hy het gesê Greg moenie dink sy pa in die tronk veilig is nie. ✓ Greg moet ophou soek na of praat van die Baker ("hou sy naam uit jou bek uit") anders kan hul 'n boodskap ("DHL-nommer") na die Baker se handlangers in die gevangenis in Pretoria stuur om sy pa dood te maak of te beseer. ✓ (Enige een)	(1)
'n Man met 'n swart motorfiets en klere agtervolg hom / wag by sy klasse en blyplek. ✓ Daar is met bloed op die glasdeur van sy woonste geskryf dat Greg en "hucker buddy" hom moet uitlos. ✓	(2)
Die hele saak is net so moeilik soos die Gordiaanse knoop om te ontrafel. OF Al die skelms wat by die projek betrokke was, is almal met konneksies en bande aanmekaar geknoop, net soos die Gordiaanse knope. (Enige korrekte interpretasie)	(1)
Die Baker het hul gevra met wie dink hulle speel hulle. OF Hy dreig dat hy hulle sal vang voor hulle hom kan kry.	(1)

Paragraaf 3:	
Die Baker se mense het sy pa in die tronk probeer vermoor. Toe hy terugbakei, is hy ernstig beseer. ✓ Sy ma is in die inkopiesentrum agtervolg / en sy moes 'n alarmstelsel by haar huis laat installeer – sy lewe nou in vrees. ✓ Sy ma was bang dat sy nog 'n kind gaan verloor omdat Greg met gevaarlike dinge besig is. ✓ (Enige twee)	(2)
Die Baker het 'n verkoper by 'n stalletjie misbruik om 'n pet vol gif aan Greg te gee en sy eie pet te neem. Greg het erge pyn, krampe en duiseligheid ervaar.	(1)
Die Baker vertel met smaak hoe hul sy pa se lyk in 'n sak gegooi het en met gewigte aan vanuit 'n helikopter in die see gegooi het. ✓ Xander skiet die Baker dood. ✓	(2)
Hy het nou iemand vermoor, nes die Baker en sy mense ander mense vermoor het.	(1)
Plank is eers gemartel toe hy gevang is. ✓ Hy is vrygelaat, maar is later deur die Valkyrie doodgeskiet. ✓	(2)
Sy het Plank, vir wie sy baie lief was, verloor toe hy dood is.	(1)
Greg het nie net fisies gely weens die gif wat die Baker hom met die pet laat inkry het nie, / hy het ook geweldige skuldgevoelens oor Plank se dood gehad / en oor wat hy sy ouers aangedoen het - sy pa se aanval en sy ma se agtervolging en vrese. (Enige een)	(1)

Slot...

Assessering: 5 punte word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel wat aan die konvensies van 'n opstel voldoen.

(5)

[25]

RUBRIEK: LITERÊRE OPSTEL – VRAESTEL II (AFDELING A)

Assessering: 5 punte word vir 'n goed gestruktureerde opstel toegeken wat aan die konvensies van 'n opstel voldoen.

Assessering: 5 punte word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel wat aan die konvensies van 'n opstel voldoen. INHOUD (20)	<i>Die inhoud van die literêre opstel word bepunt volgens feite na aanleiding van die nasienriglyne.</i>
TAAL EN STRUKTUUR (5)	Struktuur: logiese vloei van aanbieding. Taal, toon en styl gebruik in opstel.
5 punte	Struktuur: Oorspronklike en kreatiewe inleiding en slot; feite uitsonderlik uiteengesit. Taal: Puik
4 punte	Struktuur: Toepaslike inleiding en slot; feite sinvol uiteengesit. Taal: Wel taalfoute, maar leesstuk vloei nog.
3 punte	Struktuur: Geen inleiding en/of slot nie; feite verstaanbaar uiteengesit. Taal: Taalfoute steurend en begin betekenis beïnvloed.
2 punte	Struktuur: Geen inleiding en/of slot nie; opstel hortend en vloei nie. Taal: Oormatige taalfoute.
1 punt	Struktuur: Geen inleiding of slot nie. Paragrafering swak; feite verwarrend. Taal: Swak taalgebruik; oormatige gebruik van Engels; dele onverstaanbaar.

[25]

AFDELING A: 70 PUNTE

RIGLYNE BY DIE ASSESSERING VAN DIE SKRYFWERK:

- Downloaded from eduresourceza.com

VRAAG 5: ONDERHOUD

Volgens voorbeeld.

Tussen 150 - 220 woorde

Taal en styl:

Taal en styl moet pas by die doel, teikengroep en konteks.

Onderhoud Inhoud:

- Word daar voldoen aan die riglyne wat gegee is?
- Is kandidaat se idees interessant en oorspronklik?
- Word al die aspekte wat in die opdrag genoem is, aangespreek?
 - Watter **soort musiek** hy op die groot aand by jul skool sal aanbied
 - Hoe hy met sy **loopbaan** in die musiek **begin** het.
 - Hoe hy **bekend** geraak het.
 - Hoe 'n **tipiese werksdag** lyk.
 - Wat sy **toekomsdrome en ideale** is.

[20]

VRAAG 6: E-POS - KLAGTE**Formaat:**

- Volgens voorbeeld
- Taal en styl + tussen 60–100 woorde

Taal en styl:

- Taal en styl moet pas by die doel, teikengroep en konteks.

Inhoud:

Word daar voldoende aandag aan die riglyne geskenk?

Word al die aspekte wat in die opdrag genoem is, gedek?

- Jy moes **baie lank** vir jou bestelling wag.
- Die kos wat na jou tafel gebring is, was **nie wat jy bestel** het nie.
- Die kelner was **ongeskik en kortaf** met jou.
- Die **rekening was verkeerd**.

AFDELING B: 30 PUNTE

GROOTTOTAAL: 100 PUNTE

D7 RUBRIEK: TRANSAKSIONELE SKRYFSTUKKE – VRAESTEL II, AFDELING B

VRAAG 5 = 20; VRAAG 6 = 20 ÷ 2

KRITERIA INHOUD BEPLANNING STRUKTUUR	UITSONDERLIK					KNAP			VOLDOENDE					ELEMENTER				ONVOLDOENDE							
	12	11%	11	10%	10	9%	9	8%	8	7%	7	6%	6	5%	5	4%	4	3%	3	2%	2	1%	1	%	
	100%	96%	92%	88%	83%	79%	75%	71%	67%	63%	58%	54%	50%	46%	42%	38%	33%	29%	25%	21%	17%	13%	8%	4%	
1. Respons en idees	1. Uitsonderlike hantering van tipe teks; opdrag volwasse uitgebrei met intelligente idees; skryfstuk behou fokus.					1. Goeie hantering van tipe teks; opdrag goed benader met goeie idees; skryfstuk behou fokus.			1. Voldoende hantering van tipe teks; idees gewoon en soms nie gefokus nie.					1. Swak hantering van teks; opdrag onsuksesvol benader met elementêre idees; kom nie by die punt uit nie.				1. Geen kennis van kenmerke van dié soort teks nie; inhoud maak weinig sin; mistasting.							
2. Organisering van idees; vloei van leesstuk	2. Uitstekende samehang van idees en gemaklike vloei van teks.					2. Goeie samehang van idees en teks vloei.			2. Leesstuk minder vloeiend.					2. Leesstuk hortend.				2. Leesstuk baie onsamehangend.							
3. Struktuur – Inleiding, slot, parafrasering (12)	3. Struktuur gepas.					3. Struktuur gepas.			3. Struktuur oorwegend gepas met enkele foute.					3. Struktuur toon ernstige foute.				3. Struktuur onvanpas.							
TAAL, TOON EN STYL	8	7%	7			6%	6	5%	5	4%	4			3%	3			2%	2	1%	1			%	
	100%	94%	88%			81%	75%	69%	63%	56%	50%			44%	38%			31%	25%	19%	13%			6%	
1. Toon, register, styl.	1. Toon en register in die kol.					1. Toon en register effektief.			1. Toon en register gepas.					1. Toon en register nie altyd gepas nie.				1. Toon en register onvanpas.							
2. Grammatika	2. Grammatika feitlik foutvry, puik woordeskat; lees vlot; puik kommunikasie; geen tweede lees nodig nie.					2. Sinne oorwegend goed gekonstrueer; goeie woordeskat; enkele ernstige foute; kommunikasie goed. Lees maklik.			2. Heelwat ernstige taalfoute maar belemmer nie betekenis nie; leemtes in woordeskat; enkele Engelse woorde.					2. Taalfoute belemmer betekenis; woordeskat swak; Engelse woorde en verkeerde woordkeuses.				2. Besaai met taalfoute; betekenis verwarrend; woordeskat swak of oorwegend Engels; onmoontlik om te lees en te korreger.							
(8)																									